

histories are generally very popular reading material and over the years came to be associated with military history.

White ex-soldiers will feel extremely proud about this publication, but black, Indian and Coloured soldiers will perhaps be disappointed, if not betrayed. Rather sadly, only one chapter out of nine is devoted to Non-European soldiers. Needless to say, the activities of black, Indian and Coloured soldiers are grossly underplayed. Written from a white perspective, this is by no means an attempt to redress the paucity in the historiography of military history concerning non-white soldiers in South African armed forces. It is a known fact that the Cape Corps and Native Military Corps played key roles in several of the campaigns, yet no mention is made of their part in any of the campaigns. By not integrating the role of non-white soldiers into the main story underscores the fact that the authors still view South African history through the lenses of race and colour. Despite its noble sentiments, *South Africa in World War II*, is thus not a true reflection of South Africa's role in the war as a nation, but rather propagating the notion of separate histories for separate people. Moreover, the fact that so little is said about Coloured soldiers in the Second World War points to the need that such a study ought to be undertaken.

Very little archival research was undertaken and the bibliography consists largely of secondary sources. In chapter seven, at least one important work was not consulted. Regretably, the profound doctoral thesis and several articles written by Louis Grundlingh dealing with Black soldiers in the Second World War are not found among the list of cited sources. *South Africa in World War II* is not a deep analytical study, but rather as one which tries to explain South Africa's part in the war in its simplest form to a largely non-academic audience. This study is also not what social historians recently termed a "war and society" project, but rather one which fits the "drum and trumpet" mould. If seen in this light, then this book is a most welcome addition to the growing field of military history. However, social historians working within the "war and society" paradigm will look at this work with a bit more scepticism as it does not conform to their approach which places war in its proper socio-historical context, explaining how war is seen as a tool for social transformation.

Despite these reservations, a publication of this magnitude, is always a welcome addition to any academic discipline as it not only widens our research horizons, but also has the potential to reach a wider non-military audience. Military historians, ex-soldiers, military enthusiasts and ordinary people who lived and experienced the Second World War should read this book with great interest as it brings back fond and sad memories of the War which ended fifty years ago.

Russel Viljoen  
University of South Africa

**E. Katz:** *The White Death. Silicosis on the Witwatersrand Gold Mines 1886-1910.* Witwatersrand University Press, 1994. xiii+284 pp, endnote, bibl. en indeks.

Historici fokus al jare lank op die geskiedenis van die goudmynbedryf aan die Witwatersrand sedert die ontdekking van die edelmetaal in 1886. Oor die rol van die goudmyne in die stryd tussen Boer en Brit is tale boeke reeds geskrywe en met die groter klem op sosiale geskiedenis die afgelope twee tot drie dekades het die klem al hoe meer op arbeid en arbeidsorganisasies begin val. Dit is veral die werke van D. Yudelman, Alan Jeeves, F.A. Johnstone, P. Harries e.a. wat die onderlinge verhoudinge tussen die mynbase, die staat en die arbeiders ondersoek en met nuwe, soms omstrede, interpretasies na vore gekom het.

Met al die klem op arbeid is een sentrale tema egter lank deur historici verwaarloos, nl. die gesondheid van die mynwerkers. Dit is verbasend, want in die loop van die eerste drie of vier dekades van die twintigste eeu het tale amptelike, nie-amptelike en medies-wetenskaplike verslae, boeke en artikels oor een van die grootste gesondheidsgevare op die goudmyne, nl. myntering of silikose, verskyn. P.C. Grey het welliswaar in sy doktorale proefskef (Unisa, 1969) oor die ontwikkeling van die goudmynindustrie tussen 1902 en 1910 'n hoofstuk aan "miners phthisis" gewy en E.L.P. Stals het in die tweedelige werk oor die *Afrikaners in die Goudstad* (1978 en 1986) terloops daarna verwys. P. Richardson en G. Burke het ook in 1978 in 'n artikel die voorkoms van myntering in die Transvaal en Cornwall vergelyk.

Dit is egter eers met die verskynning van R.M. Packard se boek oor tuberkulose (1989) en veral Elaine Katz se proefskef *The White Death: Silicosis (Miners' Phthisis) on the Witwatersrand Gold Mines 1886-1910* (University of the Witwatersrand, 1990) dat die belangrike tema aan deeglike navorsing en ontleding onderwerp is. *The White Death* is 'n verwerking van Katz se lywige proefskef (916 pp.) en, hoewel dit aansienlik ingekort en t.o.v. struktuur heelwat aangepas is, is dit 'n werk wat op diepgaande navorsing oor baie jare berus.

*The White Death* is verdeel in 10 hoofstukke. Dit is nie bloot 'n chronologiese verslag van die voorkoms en effek van myntering op die goudmyne van die Witwatersrand tussen die jare 1886 en 1910 nie. Die skrywer probeer eerder deur op bepaalde temas te koncentreer die geweldige impak van die longsiekte op die mynwerkers en mynbedryf in die relatief kort periode ontleed. Aangesien myntering met die ontwikkeling van diepe mynbou saamhang, het dit eers laat in die 1890's op die goudmyne aan die Rand begin voorkom.

Katz probeer in die boek verskeie ogmerekere bereik. Sy wil aantoon waarom myntering op die Witwatersrand, meer as elders in die wêreld, so 'n dodelike siekte was. Sy plaas, om die doel te bereik, myntering in die breëre konteks van die verhoudinge tussen staat, kapitaal en arbeid. Sy wil ook terselfdertyd 'n boek skryf wat oor die lewe van gewone arbeiders handel - 'n soort van "history from below" om aan te ton hoe die mynwerkers ook t.o.v. die dodelike siekte deur die kapitaliste uitgebuit en aan hulle lot orgelaat is.

*The White Death* se sterke lê daarin dat dit uit 'n heel ander hoek na die goudmynbedryf kyk. Met die vergrootglas op die swak toestande onder in die myne; die geweldige hoeveelhede skadelike stof wat deur megaliese rotsbore veroorsaak is; die aansienlike en stygende sterftesyster onder die ondergrondse myners - veral die blanke mynwerkers - en die skynbare argeloze houding van die mynbase en regerings wat, volgens Katz, profyte en inkomste bo menselewens gestel het, word nog 'n donker kant van die mynbedryf blootgelê.

Katz kyk redelik intringend na die ontwikkeling van die vraagstuk van myntering en die pogings van die mynbase om tot 'n begrip te kom van die aard en omvang van die siekte. Ook die rol van die onderskeie regerings - Kruger, Milner veral, asook Het Volk - word noukeurig ondersoek en in die beskuldigebank geplaas. Die skrywer se dieptekennis van die tema, haar duidelike fokuspunte en natuurlike skryfstyl maak dat die boek die leser aanspreek en uitdaag om op standpunte, benaderings en veronderstellings te reageer. Dit is nie 'n "neutrale" werk nie.

Die swak punt van die boek lê in die ongenuanseerde hantering van 'n uiterst komplekse verskynsel wat nie alleen met arbeid en

politiek te make het nie, maar met alle aspekte van die mynbedryf, insluitende die ekonomiese en tegnologie. Katz verval van meet af aan in die "blame it on the capitalists" - sindroom en probeer nie beide kante van die saak ewewigig opweeg en verklaar nie. Dat die mynbase in hulle najaag van profyte sekerlik deel van die blaam vir die lyding van duisende mynwerkers moet dra, kan nie weggedeneer word nie. Maar om alle blaam op hulle te laai sonder om die ontstaan en ontwikkeling van myntering in sy volle historiese konteks te plaas, is gewoon nie goed genoeg nie. Dit mag die liberale en sg. revisionistiese gewete goed laat voel, maar dit is nie gebalanseerde geskiedskrywing nie.

Katz toon 'n groot gebrek aan aanvoeling vir tyd en konteks. Myntering is eers teen ongeveer 1898 vir die eerste keer geïdentifiseer en eers na die Anglo-Boereoorlog kon die mynbase en staat werkliek daaraan aandag begin gee. Katz verwag dat in 'n periode van ongeveer 10 jaar dié mense die ingewikkelde probleem ten alle koste moes oplos - dit in 'n tyd toe kenners in Engeland, Australië, die VSA en elders nog met oplossings geworstel het oor 'n probleem wat daar reeds veel ouer was. Die bekamping van stof in Britse myne was bv. teen 1910 nog glad nie onder beheer nie.

Katz verwag ook dat die medici op die Witwatersrand veel meer moes gedoen het om die owerhede van die ernstige implikasies van myntering vir die werkers te oortuig. Enersyds stel sy kategoriees dat die mediese standaarde in Johannesburg in die tyd gelykwaardig was aan die in Brittanje (pp. 6-7), maar in 'n bylaag (pp. 215-220) wys sy daarop dat medici in die 1930's nog met teorieë oor myntering geworstel het. Die feit is dat mediese kennis

van die siekte teen 1910 nog beperk was en die presiese rol van stof nog nie ten volle deurgrond is nie. Dit is maklik om met die kennis van 1990 te eis dat mense 90 jaar gelede anders moes gehandel het, maar dit is histories-wetenskaplik verkeerd.

Die boek het ander swakhede. Dit het nie huis met die werkers te make nie, maar meer met die mynbase. Dit is meer 'n boek oor gesondheidspolitiek van bo as 'n "history from below" wat na die werkers kyk en deur hulle spreek. Daar is nie een enkele gevallenstudie om die werkers se posisie te illustreer nie. Sy verklaar ook nie tenvolle waarom duisende blanke werkers, ongeag myntering, feitlik tougestaan het om op die myne te werk nie. Sy gee bitter min aandag aan die posisie van die swart mynwerkers. Daar word ook nie genoeg aandag gegee aan die houding van die mynwerkers t.o.v. myntering en die wyse waarop hulle gesondheidsregulasies verontgaam het nie.

*The White Death* kon 'n veel treffender en oortuigender studie gewees het as dit meer genuanceerd was. Die boek het te erg vasgeval in 'n ou benadering tot en sieming van arbeidsverhoudinge. Die uitgangspunte en konklusies is te voorspelbaar. Nogtans is dit 'n nuttige bydrae tot die geskiedskrywing rondom gesondheid en arbeid. Katz het met die boek nuwe grond gebreek en hopelik sal die nuwe geslag historici daar verdere spitwerk gaan doen.

H.J. Van Aswegen  
Departement Geskiedenis  
RAU